


DIE TRANSLOKASIE VAN VOEDINGSTOWWE DEUR DIE
ENTLASTE VAN JONG WINGERDSTOKKE (VITIS)

deur



P.G. DE BRUYN

Tesis ingelewer vir die graad van Magister in Natuur-
wetenskappe in Landbou aan die Universiteit van Stel-
lenbosch.

Desember 1982

Opgedra aan my vrou,
Brenda, vir haar aan-
moediging en onder-
skraging.

DANKBETUIGINGS

Graag wil ek dank en waardering aan die volgende persone en instansies betuig:

- Prof. C.J. Orffer vir sy waardevolle bystand as promotor.
- Dr. J. Deist, op wie se aanbeveling hierdie studie onderneem is, vir sy bekwame hulp en leiding as medepromotor.
- Mev. J. de V. Bezuidenhout vir haar hulp in die statistiese beplanning en verwerking van gegewens.
- Die Departement van Landbou vir toestemming verleen om hierdie studie as 'n amptelike projek deur te voer.
- Die K.W.V. vir die verskaffing van wingerdmateriaal.
- Direkteur van die NIVV vir toestemming om apparaat aan die Radio-isotope seksie te mag gebruik, asook die personeel van die seksie vir hulle waardevolle hulp.
- Mej. E. Potgieter vir die bekwame tik van die tesis.

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy	
1	INLEIDING	1
2	LITERATUURORSIG	
2.1	Entlasontwikkeling	3
2.2	Swak affiniteit	4
2.2.1	Tipes swak affiniteit	
2.2.1.1	Oordraagbare swak affiniteit	5
2.2.1.2	Gelokaliseerde swak affiniteit	10
2.2.2	Eksterne simptome van swak affiniteit	11
2.2.3	Simptome van vertraagde swak affiniteit	12
2.2.4	Oorsake van swak affiniteit	13
2.2.5	Voorspelling van affiniteit	15
2.2.6	Regstelling van kombinasies met swak affiniteit	17
2.3	Mikro-otoradiografie	18
3	MATERIAAL EN METODEDES	
3.1	Materiaal	
3.1.1	Voortplantingsmateriaal	22
3.1.2	Radioaktiewe materiaal	23
3.2	Metodes	
3.2.1	Ent en kallus van stokke	24
3.2.2	Toediening van radio-isotope	24
3.3	Monsterneming en analise	26
3.4	Makro-otoradiografie	29
3.5	Mikro-otoradiografie	29
3.6	Anatomiese ondersoek na die ontwikkeling van die entlas	30
4	RESULTATE	
4.1	Proef 1	
4.1.1	Wateropname	32

4.1.2	Fosforopname	32
4.1.3	Koolsuurgasopname	33
4.2	Proef 2	
4.2.1	Wateropname	34
4.2.2	Fosforopname	34
4.3	Proef 3	
4.3.1	Wateropname	35
4.3.2	Fosforopname	35
4.4	Proef 4	
4.4.1	Wateropname	36
4.4.2	Fosforopname	37
4.4.3	Koolsuurgasopname	37
4.5	Makro-otoradiograwe	38
4.6	Mikro-otoradiograwe	38
4.7	Anatomiese ondersoek na die ontwikkeling van die entlas	38
4.8	Statistiese analise	38
5	BESPREKING EN GEVOLGTREKKING	
5.1	Wateropname	40
5.2	Fosforopname	46
5.3	Koolsuurgasopname	51
5.4	Anatomiese ondersoeke na die ontwikkeling van die entlas	54
5.5	Algemene gevolgtrekking	55
6	OPSOMMING	57
7	LITERATUURVERWYSINGS	59
	BYLAE	

1 INLEIDING

Affiniteitsprobleme of onverenigbaarheid by wingerd bestaan sedert wingerdenting noodsaaklik geword het. Etlike duisende rande gaan jaarliks verlore weens onsuksesvolle entings en aanplantings van bo/onderstokkombinasies wat lae oeste lewer en/of 'n kort leeftyd het. 'n Aansienlike persentasie van Suid-Afrikaanse wingerde dra en groei swak weens affiniteitsprobleme terwyl verkorte produktiewe leeftyd vergrootte kapitaaluitgawes ten opsigte van hervestiging meebring. Swak affiniteit bring dikwels mee dat verkeerde cultivarkeuse gemaak moet word, veral waar spesifieke grondkondisies die gebruik van 'n sekere onderstokcultivar voorskryf. 'n Algemene voorbeeld hiervan is die gebruik van Chenin blanc in plaas van Colombar in gevalle waar 101-14 Mgt die enigste onderstok is wat vir sekere grondkondisies aangepas is. Dit is een belangrike rede waarom Chenin blanc reeds in oormaat in Suid-Afrika aangeplant is.

Daar bestaan hoofsaaklik twee moontlike oorsake vir swak affiniteit, nl.: anatomiese en fisiologiese verskille tussen bo- en onderstokkomponente wat nie vooruitbepaal kan word nie en virus en virusagtige besmetting van een of beide komponente (Nel & Engelbrecht, 1970). Die anatomiese en/of fisiologiese onverenigbaarheid veroorsaak dikwels swak affiniteit by enting, terwyl swak affiniteit as gevolg van virusbesmetting dikwels oor die langer termyn voorkom. Omdat laasgenoemde affiniteitsprobleme vir groter finansiële verliese verantwoordelik is, geniet virus en virusagtige siektes as veroorsakende faktor die meeste aandag. 'n Algemeen bekende verskynsel van swak affiniteit is dat die bostokstam bokant die entlas abnormaal verdik terwyl die onderstokstam dun bly. Dit wil voorkom asof die assimilate wat uit die blare en lote afwaarts beweeg, nie deur die nuutgevormde vaatbondels in die entlas na dié van die onderstok kan beweeg nie. Dit wil

dus voorkom asof anatomiese en fisiologiese verskille asook virusbesmetting in die entlas 'n negtiewe invloed op die translokasie van voedingstowwe tussen die bo- en onderstok het. Indien probleme deur gedeeltelike of volledige blokkering van voedingstowwe in die entlas veroorsaak word, sal 'n studie hiervan waardevolle inligting ten opsigte van die probleem verskaf. Omdat die vroegtijdige bepaling van potensiële swak affiniteit tussen verskeie bo- en onderstokkomponente groot finansiële implikasies vir enige wingerdboubedryf sal hê, is al heelwat aandag aan die metodiek van bepaling gegee. In die literatuur word verskeie metodes vir die vroegtijdige bepaling van affiniteitsprobleme weergegee wat met wisselende grade van sukses toegepas is. Dit sal voordelig wees indien 'n tegniek daargestel kan word waarvolgens potensiële affiniteit maklik en gou na enting bepaal kan word en dat sekere norme in die toepassing van die tegniek gedefinieer moet word.

Die doel van hierdie studie is om die translokasie van water, organiese stowwe en assimilate met behulp van radioaktiewe isotope deur die entlaste van verskillende kombinasies na te gaan en die verband tussen hierdie translokasie en die affiniteitsprobleme op 'n vroeë stadium te probeer vind.

2 LITERATUUROORSIG

2.1 ENTLASONTWIKKELING

Sedert 1886 toe vasgestel is dat filloksera verantwoordelik was vir die agteruitgang van die Kaapse wingerde, het dit noodsaaklik geword om wingerde op filloksera bestande onderstokke te plant (Perold, 1926). Die proses van wingerdenting en die proses van kallusvorming staan onafskeidbaar van mekaar. Dit is deur talle skrywers bevestig dat wanneer lote op mekaar geënt word, kallusvorming van beide komponente noodsaaklik is ten einde die geënte plant as 'n nuwe eenheid te laat optree (Morel, 1948; Orffer, 1956; Galle, 1964; Fallot, 1970; Branas, 1974; Hartmann & Kester, 1975). Geen noemenswaardige beweging van voedingstowwe en water tussen die geënte komponente kan plaasvind sonder dat kallusweefsel in die entlas gevorm is nie. Orffer (1956) verduidelik dat kallusweefsel uit enige weefseltipe met meristematische aktiwiteite kan ontstaan en dat veral die binne-floëemselle baie maal meer bydra tot kallusvorming as die kambium self. Hierdie nuutgevormde weefsel kom as ongedifferensieerde parenchieselle in die entlas voor. Hierdie bevinding steun soortgelyke resultate wat deur Morel (1948) met 'n stukkie internodium in vitro verkry is.

Nekrotiese sellae veroorsaak deur die maak van sneë, word tydens kallusvorming uit die twee komponente teen mekaar vasgedruk (Orffer, 1956). Op die plekke waar die nekrotiese lae skeur kom die kallusweefsels van die verskillende komponente teen mekaar en vind parenchimatiese oorbrugging plaas. Die nuwe kambium ontwikkel sonder uitsondering uit die bestaande kambia. Alhoewel die twee kambia vanuit die bo- en onderstok onafhanklik ontwikkel, differensieer dit so dat dit met min oorvleueling ontmoet (Morel, 1948; Orffer, 1956; Fallot, 1970; Branas, 1974). Die kortste pad tussen die bestaande kambia word

selde gevolg, maar ontwikkeling vind plaas met 'n boog na die buitekant (in die rigting van die floëem). Vaatbondeloorbrugging, onafhanklik van die nuwe kambium blyk volgens bg. navorsers nie 'n normale proses in die wingerdentlas te wees nie. Gedifferensieerde vaatbondel-elemente mag enkel verspreid voorkom, maar het geen vaste patroon nie. Die differensiasieproses van die oorbruggingsweefsel is by alle houtagtige plante dieselfde (Morel, 1948; Orffer, 1956; Galle, 1964; Fallot, 1970; Branas, 1974; Hartmann & Kester, 1975).

Die ontwikkeling van die wingerdentlas word oorheers deur morfologiese, anatomiese en fisiologiese verskille in lote afkomstig van verskillende moederstokke. Dit gee aanleiding tot die groot variasie in tyd wat nodig is vir entlasvergroeiing van materiaal van verskillende moederstokke (Orffer, 1956). Hierdie navorser het verder vasgestel dat parenchimatiese oorbrugging 6 - 14 dae, kambiale oorbrugging 9 - 15 dae en vaatbondel oorbrugging 12 - 25 dae na enting voorkom. Nassery (1973) rapporteer uit werk van Kaan-Albest (1934) en Braun (1958) dat die totale vergroeiingsproses by appelbome tussen 30 en 50 dae kan duur. Hartmann & Kester (1975) verduidelik opsommend uit werk van 'n aantal navorsers dat dieselfde stappe van entlasvergroeiing ook by T-enting van rose, sitrus en appelbome voorkom. Slegs die tyd wat verloop tussen die stappe van vergroeiing mag verskil.

2.2 SWAK AFFINITEIT

Die vermoë van die bo- en onderstok om na enting te vergroei en die onderlinge opbou en instandhouding deur die wisselwerking van voedingstowwe word goeie affiniteite genoem (Perold, 1926). Swak affiniteit is dus die teenoorgestelde. Alhoewel hierdie begrip moeilik definieerbaar is en selfs beïnvloed word deur grond- en klimaatskondisies

(Perold, 1926; Rives, 1971; Nesterov & Anisimova, 1975), is die verwantskap tussen bo- en onderstok nogtans belangriker as eksterne faktore. Viala & Ravaz (1901) was van mening dat die onderstok se aanpassing op 'n sekere grond belangriker is as die wedersydse reaksie tussen die bo- en onderstok na enting. Hartmann & Kester (1975) verduidelik dat affiniteitsprobleme by plante nie 'n duidelike grens vorm nie. Aan die eenkant is bo- en onderstamme van verwante plante verenigbaar terwyl dié van nie-verwante plante aan die anderkant onverenigbaar is. Tussen hierdie uiterstes word die groep aangetref wat aanvanklik suksesvolle entings blyk te wees maar wat later simptome van affiniteitsprobleme a.g.v. 'n swak vergroeide entlas of die ontwikkeling van abnormale groeipatrone toon (Buck & Heppel, 1970).

2.2.1 Tipes swak affiniteit

Affiniteitsprobleme by vrugtebome word in twee klasse verdeel (Mosse, 1962);

2.2.1.1 Oordraagbare swak affiniteit

Hierdie tipe affiniteitsprobleme kan nie oorkom word met die tussenstam metode, waar 'n tussenstam, wat met beide die onderstam en bostam verenigbaar is, tussen die bo- en onderstam ingevoeg word, nie. Alhoewel 'n ophoping van koolhidrate bokant die entlas voorkom, word floëemdegenerasie met 'n duidelik ontwikkelde bruin streep of nekrotiese area in die basgedeelte as 'n tipiese kenmerk beskou. Afsterwing van die basgedeelte word by 'n verskeidenheid entkombinasies, van oënskynlik perfekte entlaste tot swak entlaste met versteurde weefsels, ondervind. Hartmann & Kester (1975) noem die enting tussen die perskecultivar Hale's Early en die pruimcultivar Myrobalan B, soos

uitgevoer deur Herrero (1955), as voorbeeld van oordraagbare swak affiniteit. Afgesien van die ongedifferensieerde weefsel wat in die entlas ontwikkel, vind 'n akkumulاسie van stysel by die basis van die bostam plaas. Met die enting van die verenigbare Brompton pruimcultivar as tussenstam, kom die simptome van swak affiniteit nog steeds voor terwyl stysel in die tussenstam akkumuleer. Volgens Hartmann & Kester (1975) het Herrero & Tabuenca (1969) geen probleme ondervind in die aanvanklike enting van klein saailinge van dieselfde cultivars nie. Die moontlikheid bestaan dus dat die faktor wat in die andersins normale simptome van swak affiniteit verwek, nie in die saailinge teenwoordig is nie. Kester, Hansen & Panetsos (1965) het soortgelyke reaksie verkry met die enting van die amandelcultivar Nonpareil op die pruimcultivar Marianna 2624 waartydens die floëem ongedifferensieerd en die xileem oënskynlik normaal voorgekom het. Deur die amandelcultivar Texas, wat verenigbaar is met Marianna 2624 as tussenstam te gebruik is die probleem nie opgelos nie. Floëem- en basdisintegrasie het by die aanvanklik verenigbare Texas / Marianna 2624 entlas voorgekom. 'n Translokeerbare faktor in die floëem van Nonpareil bostam wat deur die entlaste na die onderstam vervoer is, mag moontlik die oorsaak wees. Fay Elberta geënt op die pruimcultivar Marianna 2624 het vroeg reeds blaarsimptome van swak affiniteit, gepaard met oormaat stysel in die blare en bas van die bostam getoon. Die onvermoë van die floëem om in die entlas te verbind word hiervoor verantwoordelik gehou (Breen, 1975).

Swak affiniteit by wingerdenting, kan sover vasgestel kon word, ook nie oorkom word met behulp van die tussenstamtegniek nie. 'n Verdere ooreenstemming is gevind

in die stysel akkumulاسie in die bostok Barbera terwyl die onderstok van dié entkombinasie, 57 Richter, 'n ernstige tekort getoon het (Boubals & Huglin, 1950; Dotti, 1954). 'n Anatomiese ondersoek van die entlas deur Dotti (1954) het aangetoon dat 57 Richter se selstruktuur duidelik vervorm is, terwyl geen sekondêre xileem ontwikkel het nie. 'n Oormatige produksie van ongedifferensieerde parenchimatiese weefsel het voorgekom, die bas was swak ontwikkel en geen lignifikasie van die murgstrale was sigbaar nie. 'n Ondersoek na die wortels het dieselfde simptome getoon as wat in die onderstam verkry is. Die tussenstamtegniek is toegepas deur Riesling Italico, wat goed verenigbaar is met 57 Richter, as tussenstam te gebruik. Geen sukses is egter behaal nie en soortgelyke simptome soos in die vorige enting het voorgekom (Dotti, 1954).

Soortgelyke resultate is gevind met die enting van Jaoumet op 57 Richter. Styselakkumulاسie bokant die entlas, swak houtvorming en oormatige vorming van ongedifferensieerde parenchimatiese selle was van die duidelikste simptome wat waargeneem is. Die resiproke enting het egter normaal ontwikkel terwyl die aanvanklike enting, selfs met tussenstamme van óf *Rupestris* óf *Aramon* nie altyd suksesvol was nie. In geval van mislukking is soortgelyke simptome soos hierbo genoem, gevind en word dit aan 'n onvermoë van die translokasiestroom om deur die entlas te beweeg, toegeskryf (Boubals & Huglin, 1950).

Entings van klone van Abouriou Rouge, Colombar en Cabernet Sauvignon op 5BB toon simptome van swak affiniteit ongeag of hierdie cultivars as bo- of onderstok gebruik is. Hierdie vorm van swak affiniteit is ook entoordraagbaar en dit kom voor asof dit geen verband hou met die aan- of afwesigheid van rolblaarvirus nie (Durquety, et al., 1979). Navorsing deur Jacob (1942)

het getoon dat alhoewel geen sukses met die entkombinasie Emperor / 57 Richter behaal is nie, die resiproke enting suksesvol was. Indien Alicante Bouschet as tussenstam by albei kombinasies gebruik word, lewer Emperor / Alicante Bouschet / 57 Richter steeds geen sukses terwyl die resiproke enting wel suksesvol deurgevoer word. Die enting Alicante Bouschet / 57 Richter / Emperor het ook misluk.

In 'n studie oor affiniteitsprobleme by kruidagtige plante (Solanum) het Kostoff (1929) tot die gevolgtrekking gekom dat chemiese stowwe soortgelyk aan antigene en anti-liggame die saptranslokasie na die onderkomponent belemmer. Verdere teorieë van Kostoff dat die anti-liggame sekere ensieme inaktiveer sodat die stysel nie omvorm en na die onderkomponent vervoer kan word nie, word ook deur Boubals & Huglin (1950) genoem.

Virus- en virusagtig geïnduseerde affiniteitsprobleme word ook in die groep van oordraagbare swak affiniteit ingedeel. Een komponent van die enting mag 'n draer van 'n virus of kombinasie van virusse met of sonder simptome wees terwyl die ander gevoelig vir die spesifieke virus of virusse mag wees (Cation & Carlson, 1962). 'n Duidelike voorbeeld is die probleem met Citrus sinensis (soet lemoen) geënt op Citrus aurantium (suurlemoen) in Suid-Afrika en Java, terwyl dit suksesvol geënt is in ander dele van die wêreld. Toxopeus (1936) was oortuig dat die oorsaak 'n stof is wat in die bostam vervaardig en toksies vir die onderstam is. 'n Verdere studie het aan die lig gebring dat "tristeza" en "quick decline" in Brazilië en Kalifornië hiermee verband hou en veroorsaak word deur 'n virus in die bostam wat dodelik vir die onderstam is (Webber, 1943).

Llacer & Combra (1975) kon nie bo alle twyfel bewys dat die onreëlmatige simptome wat waargeneem is tussen entings van perske 126 A.D. / Brompton en appelkoos 117 A.D. / Marianna, verband hou met chlorotiese blaarvlek-virusbesmetting nie. In 1977 het Lemoine gevind dat die inokulasie van virusvrye appel materiaal met die virus wat gleufstamsiekte veroorsaak, die affiniteit tussen Charden en M.M. 106 beïnvloed (Lemoine, 1977) en simptome van swak affiniteit is na een of twee jaar waargeneem. Chlorotiese blaarvlek het geen invloed op entresultate gehad nie. In 'n studie oor die noodsaaklikheid van tussenstamme by entings van peer- en kweper-materiaal vry van skadelike virusse, het van Oosten & Spruit (1979) gevind dat kombinasies wat voor hitteterapie 'n tussenstam vereis het, dit nog steeds benodig. Sy studie het ook aan die lig gebring dat nie alle virussiektes 'n invloed op die vatpersentasie in kwekerie het nie. 'n Ondersoek na die entlaste van appelbome wat simptome van swak affiniteit toon, het bewys dat nekrotiese weefsel in die entlas en disorganisasie van weefseltipes algemeen by hierdie bome voorkom. Sap-oordragings- en serologiese toetse het aangetoon dat Tamatie Ringvlekvirus by hierdie kombinasies teenwoordig was (Stouffer, Hickey & Welsh, 1977; Parish & Converse, 1981).

Die invloed van virus- en virusagtige siektes op die vatpersentasie van wingerd kwekerystokke is deur Nel & Engelbrecht (1970) nagegaan. Bewyse is verkry dat daar definitiewe verskille in die verdraagsaamheid teenoor virusse in verskillende entkombinasies is. Die onderstokke 143-B en Jacquez was meer verdraagsaam teenoor skurfbas, rolblaar, flek en netelblaar as 99 Richter en 101-14 Mgt. Kriel, Orffer & Beukman (1980) rapporteer dat gleufstam (Legno riccio) die vatpersentasie in wingerdkwekerie met tot 16 % kan laat afneem.

Hartmann & Kester (1975) rapporteer uit werk van Luckwill (1962) dat swak affiniteit ook in oënskynlik verenigbare kombinasies geïnduseer kan word. Hierdie indusering het voorgekom tussen die enting van die appelcultivar Cox's Pippin op Malus toringoides as onderstam wat later weer op Malus hupenhensis geënt is. Die andersins verenigbare eerste kombinasie het met die tweede enting simptome van swak affiniteit getoon.

2.2.1.2 Gelokaliseerde swak affiniteit

Hierdie kategorie behels affiniteitsprobleme wat deur direkte kontak van die twee entkomponente veroorsaak word, maar wat deur skeiding met 'n verenigbare tussenstam opgehef kan word (Hartmann & Kester, 1975). Mosse (1958) gebruik die kombinasie tussen Bartlett peer en 'n kweperonderstam as 'n voorbeeld. Slegs met die verenigbare Old Home of Beurré Hardy tussenstam kon 'n suksesvolle enting verkry word. In die geval van hierdie tipe swak affiniteit is gevind dat groot hoeveelhede parenchimatiese en/of kurkweefsel ten koste van normaal gedifferensieerde weefsel gevorm word. Sodoende kom onderbreking van die fassikulêre verbinding tussen bo- en onderstam algemeen voor. Dit kom dus voor asof die kambiale sone van nóg die bo- nóg die onderstam enige weefsel kan differensieer (Proebsting, 1928). Hierdie vermoede word versterk met Bradford & Sitton (1929) se bevinding dat entings met swak affiniteit in hierdie kategorie nie aaneenlopende kambia vorm nie. Sodoende word die fassikulêre sisteem onderbreek en 'n meganiese verswakking van die entlas veroorsaak.

Vorming van kurkweefsel is o.a. in kombinasies van appel geënt op peer, asook in pruim geënt op kersie gevind (Proebsting, 1926; 1928). Die kurkweefsel word deur net genoeg parenchimatiese weefsel onderbreek om die geënte kombinasie aan die groei te hou. Weens die

feit dat geen differensiasie in die parenchimatiese weefsel plaasvind nie, word die entlas sodanig deur die kurklaag verswak dat die massa van die bogrondse dele van die plant die entlas kan laat breek.

Die entlas van verenigbare kombinasies word gekenmerk deur voldoende kallusvorming in die kambiale sone van bo- en onderstam met volkome differensiasie en verbinding van vaatweefsel om 'n stewige eenheid te vorm (Fujii & Nito, 1972). Hierdie navorsers se in vitro ondersoek na kallusweefsels van 'n aantal houtagtige plante het bogemelde definisie van 'n verenigbare entlas bevestig, hoewel een met swak affiniteit in hierdie ondersoek ook 'n stewige eenheid gevorm het.

2.2.2 Eksterne simptome van swak affiniteit

Entlasversteurings by vrugtebome kan meesal met behulp van sekere eksterne simptome vasgestel word (Hartmann & Kester, 1975). Onderstaande simptome kan as gevolg van entlasversteurings ontstaan maar mag ook te wyte wees aan ander oorsake soos droogte, voedingselementtekorte en siektes:

- onvermoë om in baie gevalle suksesvolle entlaste te vorm
- vergeling van blare laat in die groeiseisoen, gevolg deur vroeë blaarval
- swak vegetatiewe groei, voorkoms van terugsterwing en algemene swak prestasie van bome
- vroeë vrektes van bome, soms een of twee jaar na enting
- dominante groei van bo- en/of onderkomponente by entlas.

'n Verdere tipiese simptoem van swak affiniteit word deur Mosse (1962) beskryf as die gladde breek van die bome

by die entlas nadat dit reeds vir 'n aantal jare gegroei het. Hierdie verskynsel mag soms voorkom nadat die bome volgroeid is en reeds geproduseer het (Proebsting, 1928; Eames & Cox, 1945).

In 'n vergelyking van bome met tussenstamme nl.

(a) Conference peer / C 8 peer / Kweper A

(b) Conference peer / Kweper A / C 8 peer

het Mosse & Herrero (1951) gevind dat abnormaliteite by die entlas nie altyd eksterne simptome van swak affiniteit veroorsaak het nie. Bome van die tweede kombinasie, (b), het wel duidelike simptome van swak affiniteit getoon, terwyl die bome van kombinasie (a) goed gegroei het. Algemeen word dominante groei van die bostam by die entlas as 'n simptoom van swak affiniteit beskou maar Amos *et al.* (1936) vind dat dit nie as enigste simptoom beskou kan word nie. Simptome van swak affiniteit by wingerd stem tot 'n groot mate ooreen met genoemde simptome. Vrekte van jong stokke, algemene swak prestasie en abnormale verdikking van die bostok by die entlas kom algemeen by tradisionele probleemkombinasies voor.

2.2.3 Simptome van vertraagde swak affiniteit

In geval van vertraagde affiniteitsprobleme groei aanvanklik suksesvolle entings vir 'n aantal jare voordat abnormaliteite in die entlas na vore kom. Hierdie verskynsel kom voor by okkerneute wanneer cultivars van Juglans regia op J. hindsii of J. hindsii op J. regia geënt word (Serr & Forde, 1959). Selfs na 'n tydperk van tot 20 jaar kan kambiale en floëmvrektes in die entlas voorkom wat die terugsterwing van die bostam kan veroorsaak. Navorsers vermoed dat virusse hiervoor verantwoordelik kan wees maar geen bewyse is tot dusver verkry nie. Volgens Hartmann & Kester (1975)

is verskeie navorsers van mening dat swak affiniteit by vrugtebome met tyd mag ontwikkel en selfs deur mutasies van cultivars teweeggebring kan word. Latente virusinfeksies is reeds in een of meer van die komponente gevind. Posnette & Cropley (1962) het gevind dat mutasies by vrugtebome 'n verandering in affiniteit (swak na goed) kan teweeg bring. Getuienis oor soortgelyke reaksies by wingerd kon nie gevind word nie.

2.2.4 Oorsake van swak affiniteit

Hartmann & Kester (1975) is oortuig dat swak affiniteit by vrugtebome aan genetiese verskille tussen bo- en onderstamme verbind kan word, maar dat die metode waardeur dit tot uiting kom onbekend is.

Verskille in groei-eienskappe soos groeikrag en -siklus mag ook 'n oorsaak wees (Webber, 1926; Chang, 1938).

Fisiologiese en biochemiese verskille tussen bo- en onderstamme as 'n moontlike oorsaak kan as volg gestaaf word:

- (1) prunasien wat normaalweg in kweper onderstam voorkom word deur die entlas na die peer bostam vervoer waar dit tot 'n hidrosianiese suur gemetaboliseer word
- (2) hierdie hidrosianiese suur inhibeer kambiumvorming met gepaardgaande anatomiese versteurings in die floëem en die xileem van die entlas. Vervoer van water en voedsel word daardeur erg benadeel
- (3) afname in suikerkonsentrasie in kweper onderstam, verdere afbreking van prunasien en nekrose van die kweper floëem
- (4) akkumulاسie van suikers en stysel in die blare en die verlies aan water, chlorofil, totale- en proteïenstikstof asook mineraalelemente in die blare

(5) 'n wateroplosbare en diffuse inhibeerder van die ensiem wat prunasien in die bostam afbreek kom in verskeie peer cultivars voor (Gur & Samish, 1965; Leoncenko, 1967; Gur & Lifshitz, 1968).

'n Mikroskopiese ondersoek van die entlaste van verenigbare en onverenigbare peer/kweperentings het getoon dat entlaste van verenigbare entings baie gelignifiseerde selle bevat terwyl geen lignien by kombinasies met swak affiniteit teenwoordig was nie (Buchloh, 1962).

In entlaste met swak affiniteit is wel 'n akkumulاسie van bruin pigmente naby die kontaksones gevind wat toegeskryf word aan die hidroliese van arbutin, 'n glikosied in peer cultivars, sowel as die oksidasie van hidrochinoon wat sellulêre lignifikasie tot gevolg het. Volgens Harmann & Kester (1975) is Buchloh (1962) van mening dat verenigbare cultivars hierdie oksidasie-reaksie kan verminder terwyl kombinasies met swak affiniteit dit nie kan doen nie.

Virus- en virusagtige entiteite as 'n faktor tot die indusering van swak affiniteit geniet baie aandag (Darlington, 1944; Crane, 1945; Milbraith & Zeller, 1945; Nel & Engelbrecht, 1970; Nicollier, 1970; Hartmann & Kester, 1975; Bouquet, 1980; Kriel, Orffer & Beukman, 1980). Tamatie ringvlekvirus is reeds uit appelkombinasies met swak affiniteit geïsoleer (Stouffer, Hickey & Welsh, 1977; Parish & Converse, 1981) terwyl gleufstamvirus asook 'n kombinasie van skrubbas, rolbaar, flek en netelblaar afsonderlik die vatpersentasie van wingerdkwekerie verlaag het (Nel en Engelbrecht, 1970; Kriel, Orffer & Beukman, 1980).

2.2.5 Voorspelling van affiniteit

Die voorspelling van die affiniteit (goed, swak of geen) van n kombinasie d.m.v. n betroubare toets hou besliste ekonomiese waarde in. Verskeie metodes is alreeds beproef maar sonder algehele sukses (Hartmann & Kester, 1975). Verskillende laboratoriumtoetse soos waterbeweging deur die entlas, water-teenhoudingsvermoë, snelheid van die transpirasiestroom, mikroskopiese ondersoeke asook die breeksterkte van die entlas is met varieërende grade van sukses ondersoek (Evans & Hilton, 1957). Die biochemiese toets van prunasien by peer/kweper kombinasies is ook op ander kombinasies toegepas (Gur & Samish, 1965). Lapins (1959) het korrelasies tussen vyf verskillende eienskappe en boomprestasie van tweejarige appelkoos/perske-entings probeer vind. Hy het getoon dat makroskopiese ondersoeke na basonderbreking die maklikste metode is omdat dit prakties uitvoerbaar is en boonop nie die boom beskadig nie.

n Groot verskeidenheid toetse is ook by die wingerdentlas beproef. Omdat affiniteit n effek op die massa van die bostok het, het Hidalgo & Candela (1968) dit as indikasie van die graad van affiniteit gebruik. Die verhouding in diktegroei tussen bo- en onderstok is deur Branas & Truel (1969) in verband gebring met die stylakkumulاسie wat met swak affiniteit hoofsaaklik bokant die entlas akkumuleer. Branas (1974) beweer dat die verskil in deursnit tussen bo- en onderstok die gevolg is van genetiese verskille en gepaardgaande fisiologiese verskille. Semin, Maltabar & Kolesnik (1961) se radiometriese as-ontledings van die dele van geënte stokke het getoon dat verskille in radioaktiewe fosforopname n aanduiding van die affiniteit kan gee en beweer dat absorpsiespoed van ^{32}P deur geënte wingerdstokke as n aanduiding van die graad van affiniteit

kan dien. Mellado et al. (1966) het verder gevind dat die entlas geen wesenlike invloed op die opwaartse beweging van ^{32}P het nie maar wel op die afwaartse beweging daarvan. Met behulp van ^{32}P en ^{90}Sr kon entlasprobleme reeds 15 dae na enting van groeiende stokke opgespoor word (Eynard & Bukovac, 1961). Alhoewel die entlas die vloei versteur, kon ^{32}P tog deurbeweeg terwyl ^{90}Sr nie in alle opsigte soos ^{32}P gereageer het nie en dus nie verder in soortgelyke studie gebruik kon word nie.

Kolesnik (1963) het gevind dat met swak affiniteit die suiker- en aminosuurinhoud van bo- en onderstok drasties verskil. Swak affiniteit tussen perske en appelkoos- of Myrobalan-onderstamme het 'n verlaagde selwaterinhoud en vertraagde biosintese van nuwe verbindinge en dus hul funksies in die metabolisme, tot gevolg. Die selwaterinhoud, selsapkonsentrasie en osmotiese druk, suiker- en N-inhoud asook die aktiwiteit van redoksensiemerke mag indikatore wees t.o.v. die graad van affiniteit (Trofanyuk, 1975). Die verdwergde groei van Le Conté peer geënt op Pyrus colleryona-saailinge word deur Selim et al. (1975) as swak affiniteit beskryf omdat die koolhidrate in die onderstam en die N-inhoud in die bostam afgeneem het. Resiproke kombinasies het egter sterk gegroei. Aktiewe lipiedmetabolisme is in die floëem van winterlote van wingerdstokke gevind. Mikhailov et al. (1976) is van mening dat dit gebruik kan word in die diagnose van fisiologiese onstabiliteit by entings met swak affiniteit. Vakarenko & Balakh (1977) het gevind dat bestraling van materiaal iso-ensiempatrone van peroksidase in die floëem onderdruk. Die mening word uitgespreek dat die regte bestralingsdosis entkomponente met dieselfde proteïensamestelling kan voortbring om sodoende die

kwaliteit van entlaste te verhoog. Iso-ensiem patrone mag ook n indikasie gee van die graad van affiniteit. Balakh & Grodzinskii (1978) het gevind dat van die metodes wat hulle uitgetoets het, bestraling van materiaal die swakste resultate gelewer het om die negatiewe invloed van antigene en iso-ensieme te bowe te kom maar dat kallusvorming bevorder is deur n matige bestraling. n Positeiwe verband is verkry tussen die DNA-inhoud in die kallusweefsel van wingerdonderstokke en hul affiniteit met bostokcultivars (Lilov, 1978). Serologiese toetse (Eremeeva, 1967) het getoon dat cultivars verskil in hulle proteïensamestelling maar geen voorspelling t.o.v. affiniteit is met behulp van hierdie kennis gewaag nie. Minoiu (1974) het n gedeeltelike serologiese verband tussen die antiserum, vanuit konyne wat met antigene uit kweper en peer-organe geïmmuniseer is, en die affiniteit tussen peercultivars en kweper onderstamme gevind.

Kwantitatiewe en kwalitatiewe samestelling van koolhidrate en aminosure asook die aktiwiteit van katalase ensieme tesame met anatomiese ondersoeke is met sukses gebruik in die evaluasie van affiniteit van wingerd entkombinasies (Kolesnik & Maltabar, 1969). Eremeeva & Voznesenskij (1971) het die translokasie van ^{14}C vanaf die wortels na die blare suksesvol aangewend om entlasprobleme by wingerd op te spoor.

2.2.6 Regstelling van kombinasies met swak affiniteit

Brugenting (Hartmann & Kester, 1975) is n metode waardeur kombinasies met swak affiniteit by vrugtebome gered kan word. Die inenting van saailinge in die stam van die boom om sodoende die wortelstelsel oor te neem is

'n praktiese metode.

Nicollier (1970) het 'n seleksieprogram by wingerd-cultivar Païen geloods om swak affiniteit uit te skakel maar verwerping van die bostok deur die onderstok, 5BB, het na 'n paar jaar steeds voorgekom.

Uit die voorafgaande literatuuroorsig is dit duidelik dat swak affiniteit wat entlasoordraagbaar by vrugtebome is en swak affiniteit by wingerdenting simptomologies ooreenstem. Uiteenlopende menings word uitgespreek aangaande die oorsaak van hierdie verskynsel. Virus- en virusagtige infeksies word dikwels as 'n veroorsakende faktor beskou, maar geen bewyse kon in die literatuur gevind word waar dieselfde verskynsel by hittebehandelde materiaal voorkom nie. In enkele gevalle is sekere virussiektes gediagnoseer maar geen opvolgstudies met hittebehandelde materiaal is gerapporteer nie.

Indien aanvaar kan word dat gediagnoseerde fisiologiese, biochemiese en ander verskille deur virus- en virusagtige infeksies geïnduseer kan word, is die gevolgtrekking dat materiaal wat vry is van skadelike virusse nie simptome van swak affiniteit sal toon nie, heeltemal aanvaarbaar.

2.3 Mikro-otoradiografie

Herhaaldelik word in die literatuuroorsig verwys na die onvermoë van voedingstowwe om deur die entlas van kombinasies met swak affiniteit te beweeg. In 'n mikroskopiese ondersoek na die entlaste van stokke is mikro-otoradiografiese 'n nuttige metode om die pad van

translokasie deur die entlas te volg. Hierdeur word die radioaktiewe elemente met behulp van 'n fotosensitiewe film opgespoor en is die beeld onder mikroskoop duidelik sigbaar.

Die gebruik van konvensionele histologiese metodes van fiksering, sny en vaslegging van sneë het groot verliese van radioaktiewe elemente tot gevolg (Holt, Cowing & Warren, 1949). In 'n ondersoek na verskeie tegnieke is gevind dat behandeling van sneë van diereweefsel op konvensionele wyse slegs die ^{32}P wat in nukleïensure geïnkorporeer is agterlaat. Russel, Sanders & Bishop (1949) het gebruik gemaak van 'n vries-substitusietegniek om ^{32}P -verspreiding by plantmateriaal te bestudeer. Materiaal word tot -170°C gevries en dan in alkohol wat met loodasetaat versadig is, gedompel. Die fosfaat word dan as 'n loodsout in situ neergeslaan. Alhoewel hierdie tegniek goeie resultate met plantmateriaal verseker het, was dit onsuksesvol vir die gebruik by diereweefsel (Holt, Cowing & Warren, 1949). Verdere resultate het getoon dat oplossings wat ^{32}P kan ekstraheer vermy moet word. Dehidrering met dioksaan en alkohol het wel ^{32}P geëkstraheer terwyl bevriësing en vriesdroging geen verlies aan radioaktiewe elemente tot gevolg gehad het nie. Verwydering van paraffienwas met xylol het geen effek op die ^{32}P -verspreiding gehad nie. Tydens die montering van die film op die snit moet kontak met water vermy word aangesien ^{32}P verlore mag gaan. Sterling & Chichester (1956) het plantmonsters bevattende wateroplosbare radioaktiewe elemente gevriesdroog en in parloïdien en paraffienwas ingebed. Haupt se hegmiddel is gebruik om sneë op voorwerpglasies te heg. Sneë is vasgeklamp teen emulsiebedekte voorwerpglasies tydens blootstelling vir die maak van outoradiograwe.

Vars blaarmonsters wat oplosbare ^{14}C bevat het is deur Pickering (1966) in teenwoordigheid van gelatien gevries en gesny. Sneë is dan gevriesdroog en aan 'n gestolde fotosensitiewe emulsie blootgestel. In die ondersoek is gevind dat vinnige bevriësing belangrik is en daarom is vloeibare stikstof gebruik aangesien dit die vorming van groot yskristalle in monsters verhoed. Vinnige bevriësing en die maak van sneë in 'n gevriesde toestand is deur Aitken, Wright & Gray (1968) in studies met rotte gebruik. Sneë is daarna gevriesdroog voordat dit aan 'n emulsiefilm blootgestel is.

Haasbroek (1964) het tydens 'n studie van die verspreiding van ^{35}S in druiwekorrels gebruik gemaak van onmiddellike bevriësing en vriesdroging waarna die monsters met paraffienwas infiltreer is. Nadat die sneë gemaak is, is die was met toluen verwyder voordat die sneë aan emulsiefilms blootgestel is. 'n Tegniek waartydens emulsie films (Kodak A.R.10 afstroop plate) droog op die sneë geplaas is, is deur Fitzgerald, Ord & Stocken (1961) toegepas. Dit het die verlies van wateroplosbare radioaktiewe elemente voorkom. Duidelike mikro-otoradiograwe van die verspreiding van aktiewe elemente is verkry. Branton & Jacobson (1962) het droë emulsiefilms gebruik in hul studie van droë, hoë resolusie otoradiografie. Gevriesdroogde asook sneë in paraffienwas ingebed, is in die ondersoek ingesluit. Na blootstelling is die sneë met 'n emulsie van 0,45 % sellulose asetaat in 'n 10 : 1 oplossing van 2-butanon en asetoon op die voorwerpglasies geheg. In 'n kwalitatiewe bepaling van ione in plantweefsel het Gahan & Rajan (1964) die apposisie-metode van Doniach & Logothetopoulos (1956) gebruik waartydens die emulsiefilm en die gevriesdroogde snit op verskillende glasies geheg en slegs tydens blootstelling teenmekaar

geplaas word, as onvoldoende bestempel. Appleton (1964) se metode met die montering van die gevriesde snit op die emulsiefilm het beter resultate gelewer nadat dit aangepas is om tydens blootstelling ook vriesdroging te ondergaan.

Canny (1955) het die natmonteringstegniek aangepas vir die gebruik by wateroplosbare isotope. Nadat die emulsiefilm in kontak met water was om dit die nodige elastisiteit te gee is dit na 'n chloroform bad oorgeplaas waarvandaan dit op die snit geplaas is. Die film is dan vinnig gedroog in absolute alkohol gevolg deur 'n stroom koue lug.

Uit die literatuur is dit duidelik dat geen metode van outoradiografie algemeen benut word nie. Aangesien alle situasies verskil het die behoeftes verander en was navorsers genoodsaak om telkens 'n tegniek aan te pas of 'n eie tegniek te ontwikkel. 'n Basiese beginsel wat oral geldig is, is dat konvensionele histologiese metodes van fiksering, sny en vaslegging van sneë groot verliese van radioaktiewe elemente tot gevolg het.

3 MATERIAAL EN METODEDES

3.1 MATERIAAL

3.1.1 Voortplantingsmateriaal

Verskillende proewe is uitgevoer en die volgende proefmateriaal is daarin gebruik:

Proewe 1, 2 en 3: Entlote van Jacquez kloon 5/9/24 - H74 en kloon 5/9/24.

Proef 4 : Bostokcultivars:
Chenin blanc kloon 3/1061 - H74 en kloon 3/1061.
Bukettraube - massa geseleksteerd.

Onderstokcultivars:

99 Richter kloon 1/1/13 - H74 en kloon 1/1/13.

101-14 Mgt kloon A2/1/9 - H74 en kloon A2/1/9.

Grezo - 1 massa geselekteerd.

In al die gevalle is klone met dieselfde nommers visueel identies maar het dié wat die agtervoegsel -H74 by het, hitteterapie ondergaan en toets vry van bekende skadelike virusse volgens die metodes huidig in gebruik by die Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming. Alle materiaal van Jacquez, 99 Richter en 101-14 Mgt is verkry vanaf die K.W.V., Grezo-1 van die N.I.W.W. proefplaas te Robertson en Chenin blanc en Bukettraube vanaf Nietvoorbij. Slegs goed rypgemaakte entlote is gebruik en proefmateriaal is ewekansig getrek uit kommersieel ingesamelde materiaal. Direk na opknip van die materiaal is dit vir 24 uur in water geweek waarna dit vir 3 uur in 0,25 % chinosol oplossing gedompel en by 4°C opgeberg

is in plastieksakke van 75 cm x 114 cm van 150 μ m wanddikte. In geval van Proef 4 is die materiaal vir 16 uur in kraanwater gelaat voordat entings uitgevoer is. Hierdie behandeling is nie by die ander proewe toegepas nie.

3.1.2 Radioaktiewe materiaal

Al die radio-isotope wat gebruik is, is afkomstig van die reaktor te Harwell, Engeland. Die besonderhede van die isotope en die oplossings wat gebruik is, is soos volg:

Fosfor - $32(^{32}\text{P})$

Draervry ^{32}P vanaf Harwell is verdum met 30 dpm draer-P as KH_2PO_4 . Uit die voorraadoplossing is 185 kBq (5 mikrocuries) ^{32}P in 50 ml gedeïoniseerde water (per plant) gepipetteer en KH_2PO_4 bygevoeg om die finale draerkonsentrasie in die oplossing 20 dpm P te maak. Vars oplossings is vir elke behandeling opgemaak.

Tritium (^3H)

Eenhonderd vyf-en-tagtig kiloBecquerel (kBq) (5 mikrocuries) ^3H in die vorm van H^3HO is in 50 ml water gevoeg en per plant gebruik. Vars oplossings is vir elke behandeling gebruik.

Koolstof - $14(^{14}\text{C})$

Natrium- ^{14}C -karbonaat in oplossing is as bron van ^{14}C gebruik. Die plante is in geslote houers van 67 l i.g.v. Proef 1 en 103 l i.g.v. Proef 4 geplaas saam met voldoende $\text{Na}_2^{14}\text{CO}_3$ om 37 000 kBq (1 mci) ^{14}C te bevat. Verdere Na_2CO_3 is bygevoeg om voldoende $\text{CO}_3^{=}$ te voorsien om 'n 0,1 % CO_2 konsentrasie in die houer te

veroorzaak as al die CO_2 vrygestel word. CO_2 is vrygestel deur die byvoeging van oormaat melksuur. Egalige vermenging van $^{14}\text{CO}_2$ in die houer is verkry deur die inskakeling van 'n diafragma pomp in die sisteem.

3.2 METODEDES

3.2.1 Ent en kallus van stokke

Bankenting is met behulp van die Henglmasjien uitgevoer. Bo- en onderstokkomponente is sorgvuldig uitgesoek sodat dit perfek op mekaar pas. Sorg is gedra dat geen uitdroging plaasvind nie deur die entlas sowel as die entjie met kommersiële entwas te verseël deur die stokke onderstebo in gesmelte was by $\pm 65^\circ\text{C}$ te doop. Die geënte stokke is in kalluskiste gepak, met klam saagsels wat met 2 % Captan oplossing behandel en stoomgesteriliseerd is opgevol en in 'n kalluskamer by 27°C en 'n relatiewe humiditeit van 65 % gehou.

3.2.2 Toediening van radio-isotope

Proef 1

In proef 1 is die opname en translokasie van ^{32}P en ^3H deur ongeënte Jacquez-entlote bestudeer. Vier entlote is ewekansig uit die voorraad van elk van die twee klone geneem en in 22 cm lengtes opgeknip nadat alle oë uitge-sny is. Vyftig milliliter ^{32}P oplossing (kyk 3.1.2) of ^3H oplossing (kyk 3.1.2) is in proefbuise geplaas en een loot is in elk van die proefbuise geplaas sodat die onderste 2 cm van die loot in die oplossing was, en aan die bokant gestut met behulp van 'n Fomolite ring (kyk Fig. 1). Die houer is in 'n glashuis by 20°C en 'n humiditeit van 70 % geplaas. Na kontaktye van onderskeidelik 4, 15 en 24 uur is lote gemonster.




Fig. 1. Diagrammatiese voorstelling van die montering van die lote t.o.v. ^{32}P en ^3H behandeling soos in proef 1 beskryf.

Die opname van ^{14}C deur Jacquez-entlote is bestudeer op lote waarvan al die oë verwyder is behalwe die apikale oog. 'n Aantal lote van elke kloon is in bekere met water by kamertemperatuur geplaas en toegelaat om uit te bot. Op gegewe tye is vier lote per kloon wat visueel beoordeel in dieselfde stadium van ontwikkeling was, geneem en 20 cm vanaf die boonste nodium afgeknip. Die lote is in houers geplaas soos in Fig. 2 aangedui sodat slegs die apikale nodium en botsel in aanraking met die ^{14}C kon kom. Lote is in die gate met behulp van Poortvet (van Columbit-maatskappy) lugdig geseël. Die basale punte van die lote het in water gestaan sodat die botsels nie verwelk nie. Vrystelling van $^{14}\text{CO}_2$ in die houers in 'n groeikamer by 20°C met relatiewe humiditeit van 70 % en ligsterkte van 27 000 lux, was soos beskryf onder paragraaf 3.1.2 en na blootstelling van die botsel aan die $^{14}\text{CO}_2$ vir 6 uur, is die $^{14}\text{CO}_2$ uit die sisteem verwyder deur absorpsie in NaOH en is die lote verwyder vir analise.

Toedienings is gemaak toe

- a) slegs 'n botsel aanwesig was (stadium 1).
- b) 'n botsel met 2 vry blare aanwesig was (stadium 2).
- c) 'n botsel met 4 vry blare aanwesig was (stadium 3).

Proef 2

In proef 2 is die opname en translokasie van ^{32}P en ^3H deur die vars snyvlak van Jacquez-entlote ondersoek. Die prosedures vir die toediening van die isotope was soos vir proef 1 behalwe dat dié deel van die loot wat in die oplossing gestaan het met kommersiële entwas bedek was om slegs die snyvlak aan die oplossing bloot te stel (kyk Fig. 3). Na kontaktye van 4, 15 en 24 uur is die lote verwyder vir analise.




Fig. 2(a). Diagrammatiese voorstelling van apparaat vir ¹⁴C₂ ontwikkeling en toediening.




Fig. 2(b). Diagrammatiese voorstelling van houer vir ¹⁴CO₂ toediening. Afhangende van die hoeveelheid stokke is tot 4 houters in serie geskakel.




Fig. 3. Diagrammatiese voorstelling van 'n entloot soos in proef 2 beskryf.

Proef 3

In proef 3 is die opname en translokasie van ^{32}P en ^3H deur die ritidoom van Jacquez-entlote ondersoek. Die prosedure vir die toediening van die isotope was soos vir proef 1 behalwe dat die lote in houers met gate in die boom geplaas is sodat die onderpunt van die lote deur die gate gestek het. Die deel van die lote wat uitgestek het (± 1 cm), die snyvlak en die gate om die lote is waterdig afgesluit met poortvet en die oplossing is binne-in die houers gevoeg (kyk Fig. 4) sodat 'n 2 cm gedeelte van die entlote met die oplossing in aanraking was.

Proef 4

Van alle plantmateriaal wat met ^{32}P en ^{14}C behandel is, is makro-otoradiograwe gemaak. Aangesien dieselfde tendens deurgaans verkry is en die utoradiograwe slegs die data in meegaande tabelle in beeld voorstel, is enkele voorbeelde daarvan ter illustrasie ingevoeg (kyk Plate 2, 4, 6 en 8). Dit is duidelik dat die visuele beeld nie genoeg is om translokasiepatrone te verduidelik nie aangesien slegs kwalitatiewe indikasies daarvan verkry word. Montering van materiaal tydens blootstelling lewer heelwat probleme en 'n swak beeld is soms die gevolg van swak kontak tussen die materiaal en die film.

Plaat 4 toon dat daar basies geen translokasie van assimilate deur die loot is nie. Tog dui die analise duidelike translokasie aan, maar die konsentrasie is moontlik te laag om enige beeld op die film vas te lê.

4.6 MIKRO-OUTORADIOGRAFIE


Ten spyte daarvan dat verskeie metodes beproef is, kon geen resulate verkry word nie.

4.7 ANATOMIESE ONDERSOEK NA DIE ONTWIKKELING VAN DIE ENTLAS


Die prosesse van kallusvorming, kallusweefselfdifferentiasie en vergroeiing word in Plate 9, 10 en 11 geïllustreer.

4.8 STATISTIESE ANALISE


Die statistiese uitleg van die studie berus op toevallige loting van materiaal uit 'n groot voorraad met vier



PLAAT 9. Kallusvorming in die entlas van Chenin blanc / Grezot-1. (k = kallusweefsel; b = bostok; o = onderstok)



PLAAT 10. Nuwe xileem en floëem word tussen die bestaande weefseltipes van die onderstok gevorm. (fl = floëem; fl' = nuutgevormde floëem; ka = kambium; xl = xileem; xl' = nuutgevormde xileem)



PLAAT 11. Kambiumdifferentiasie geskied vanuit die oorspronklike kambium en gaan xileem- en floëem-differentiasie vooraf. (k = kallasweefsel; ka = kambium; ka' = nuutgevormde kambium; fl' = nuutgevormde floëem; xl' = nuutgevormde xileem)

herhalings per behandeling. Data-insameling van proewe 1, 2 en 3 het sodanig geskied dat die standaardafwyking by elke datapunt bereken kon word. Met behulp van 'n rekenaarprogram is grafieke van die gemiddelde waardes getrek waarop die standaardafwyking terselfdertyd aangebring is. Die visuele beeld van die data in die tabelle vereenvoudig die verloop van translokasie soos met die analise bepaal is. Die standaardafwyking word duidelik by elke punt aangegee.

Volgens die standaardafwyking wat teenoor die gemiddelde waarde verskaf word bestaan daar 'n groot variasie tussen die herhalings by sekere punte. Dit word veroorsaak deur die inherente verskille tussen die entlote en/of geënte stokke wat toevallig geloot is. Omdat die materiaal van verskillende moederstokke kom en ook vanaf verskillende posisies op die moederstoklote kan die morfologiese; anatomiese en fisiologiese eienskappe sodanig verskil dat elke stok of plantloot verskillend kan reageer.

Die enigste manier waarop die variasie oorbrug kan word, is deur soveel herhalings moontlik te gebruik. Uit hierdie studie het dit duidelik geword dat vier herhalings nie voldoende vir analitiese werk is nie.

In die studie van die opname en translokasie by geënte stokke het dieselfde neiging na vore gekom. Die groot koëffisiënt van variasie het telkens veroorsaak dat oënskynlik drastiese verskille nie betekenisvol van mekaar verskil nie (kyk Tabelle 12, 17 en 22). Ook in hierdie geval mag meer herhalings beter resultate lewer.

5 BESPREKING EN GEVOLGTREKKING

5.1 WATEROPNAME

Ten einde uitdroging van ingesamelde entmateriaal te voorkom, word dit as algemene praktyk natgespuit waarna dit opgesny word. Die opgesnyde materiaal word normaalweg met 'n Kaptanoplossing behandel en óf in 'n sandput óf in saagsels of net 'n plastieksak in 'n koelkamer opgeberg. Voordat die materiaal geënt word, word dit weer in water gedompel om te verseker dat dit nie uitgedroog is nie.

Orffer (1954) het met behulp van 'n potometer gevind dat 'n loot met 'n botsel baie meer water opneem as lote waarvan die oë verwyder is. In 'n verdere ondersoek na die vogabsorpsie deur die onbeskadigde opperhuid van entjies is gevind dat wanneer die basale punte daarvan met parafienwas bedek is, die botsels binne enkele dae verwelk. Hieruit blyk dit dat die absorpsie van vog deur die onbeskadigde opperhuid onbenullig is.

In die studie van wateropname deur Jacquez-entlote is onder andere aandag gegee aan die bydrae van die ritidoom deurlaatbaarheid tot die totale wateropname. Die bepaling van die hoeveelheid water opgeneem deur die loot dien ook as maatstaf vir die bepaling van optimale entlootlengte vir Proef 4.

Tabelle 1 (a) en (b) weergee die opname van water deur Jacquez-entlote. Aangesien die kwantitatiewe opname van water deur entlote van 'n onderstokcultivar asook van verskillende onderstokcultivars, as gevolg van hulle morfologiese, anatomiese en fisiologiese eienskappe, mag verskil, sal vir die doel van hierdie ondersoek uitsluitlik op tendense gekonsentreer word. Die wateropname deur hittebehandelde materiaal gedurende die verskillende

behandelingstye verskil nie betekenisvol van mekaar nie. Resultate in Tabel 1 (a) toon dat 'n langer behandelingstyd by hittebehandelde materiaal groter opname bewerkstellig. Soortgelyke tendense ten opsigte van standaard materiaal word ook gevind alhoewel die verskil in translokasie-afstand tussen kort en lang behandelingstye kleiner is as by hittebehandelde materiaal (kyk Tabel 1 (b)). Die resultate toon verder dat die hittebehandelde materiaal tot 'n groter opname as standaard materiaal in staat is terwyl die translokasie-afstand nie noodwendig groter is nie. 'n Translokasie-afstand van tussen 10 cm en 12 cm vanaf die toedieningspunt blyk die maksimum vir ongeënte lote onder hierdie stel van kondisies te wees.

Wateropname deur slegs die snyvlak van hittebehandelde entlote word in Tabel 4 (a) opgesom. 'n Soortgelyke tendens, waarin die opname toeneem oor tyd, word hier gevind. In Tabel 4 (b) waar die opname van die standaard materiaal uiteengesit word, word dieselfde tendens waargeneem. In teenstelling met die resultate van Proef 1 toon die standaard materiaal 'n groter opnamevolume as die hittebehandelde materiaal. Die maksimum translokasie-afstand onder hierdie stel van kondisies blyk ook tussen 10 cm en 12 cm vir 'n periode van 24 uur vanaf die toedieningspunt te wees.

Die waterdeurlaatbaarheid van die ritidoom is swak en gevolglik word min water daardeur in die loot opgeneem (kyk Tabelle 6 (a) en (b)). Die tendens dat opname toeneem met behandelingstyd is ook in hierdie ondersoek gevind en is geldig vir beide die hittebehandelde sowel as die standaard materiaal. Eersgenoemde materiaal neem egter meer water deur die ritidoom op as die standaard materiaal.

Slegs 12 % van die totale hoeveelheid H_2O in die loot word deur die ritidoom en floëem opgeneem en dit is duidelik dat die snyvlak van entlote die grootste bydrae tot wateropname maak. Dit sal dus voordelig wees indien aanklamming van lote gereeld kan plaasvind voordat noemenswaardige uitdroging voorgekom het. Hierdie resultate stem ooreen met Orffer (1954) se bevindings.

Die relatief kort translokasie-afstand (10 cm tot 12 cm) tydens die onderskeie behandelingstye is opvallend en in die meeste gevalle word ongeveer die helfte van totale lootlengte aan water voorsien. Indien aanvaar kan word dat die ritidoom wel die vogverliese na buite beperk, is die gevolgtrekking dat vogverlies deur die apikale snyvlak geen rol gespeel het nie, logies.

Aangesien geen oë of botsels op die lote teenwoordig was nie kon die opname slegs passief deur diffusie, kapillêre- en suigkragte geskied. Die hoogte wat vloeistowwe in kapillêre buise sal styg, kan met die volgende formule bereken word :

$$h = \frac{2T}{rpg}$$

waar h = hoogte; T = oppervlakte spanning van die vloeistof; r = deursnit van die buis; p = digtheid van die vloeistof en g = gravitasiekonstante is. Volgens navorsingsresultate van Swanepoel (1982) is die gemiddelde deursnit van Jacquez-xileemvate $160 \mu\text{m}$. Dit bring mee dat water tot 'n hoogte van 18,5 cm kan styg. Die geringe verskil tussen die opnamevolume en translokasie-afstand van standaard materiaal en hittebehandelde materiaal laat die gevolgtrekking dat daar bykans geen verskil tussen die materiaal is duidelik bly.

In die ondersoek na die wateropname van verskillende entkombinasies is toedienings direk na enting gedoen. Op hierdie stadium was daar nog geen oorbruggingsweefsel in

die entlas teenwoordig nie en dus was die vaatbondels onderbroke. Die oë van die entjie was slapend en die entlas met paraffienwas verseël. Die resultate in Tabel 8 toon dat geen translokasie deur die entlas plaasgevind het nie. By sewe van die vyftien kombinasies het watertranslokasie tot direk onder die entlas plaasgevind, maar geen betekenisvolle verskille is waargeneem nie. Hierdie neiging is ook 'n bewys van die verskil tussen onderstokke om water onder hierdie toestande op te neem terwyl die bostok op hierdie stadium geen invloed op die vermoë van die onderstok kon uitoefen nie. Die onderbreking van die vaatbondels in die entlas was dus direk verantwoordelik daarvoor dat geen deurbeweging voorgekom het nie. Geen duidelike tendens met betrekking tot hittebehandelde en standaard materiaal het voorgekom nie.

Die resultate van wateropname deur verskillende entkombinasies twee weke na enting word in Tabel 9 opgesom. Alhoewel alle kombinasies nog nie gebot het nie is stokke van elkeen ingesluit in die behandeling. Met die uitsondering van twee kombinasies wat direk na enting wel 'n opname getoon het naamlik Chenin blanc (S) / 101-14 Mgt (S) en Bukettraube / 101-14 Mgt (S) het alle kombinasies wateropname tot onder die entlas getoon. Slegs by Chenin blanc (H) in kombinasies met 99 Richter (S) en (H) en Grezot-1 het translokasie deur die entlas voorgekom. Alhoewel Chenin blanc (H) geënt op 101-14 Mgt (S) en (H) netsoos die vorige drie kombinasies ook gebot het, was daar geen bewyse dat translokasie deur die entlas wel voorgekom het nie. Geeneen van die ander kombinasies het met aanvang van hierdie toediening gebot nie. Die data in Tabel 9 toon ook dat by hierdie kombinasies geen deurbeweging van water deur die entlas voorgekom het nie.

Dit blyk dat die entlaste van die verskillende kombinasies 2 weke na enting nie in dieselfde ontwikkelings stadium was nie. Dit wil voorkom asof die bottende oog van die entjie nie noodwendig 'n indikasie van die graad van vergroeiing in die entlas is nie. Verder blyk dit dat die afwesigheid van 'n bottende apikale oog ook die translokasie van water deur die entlas kon vertraag. Die variasie van voortplantingsmateriaal binne dieselfde kultivar kan verantwoordelik wees vir die voorkoms van wissellende opname van water oor tyd. In hierdie behandeling is ondervind dat 'n kombinasie wat in die vorige behandeling wel 'n opname getoon het na twee weke geen opname toon nie. Hierdie verskynsel is 'n direkte gevolg van ewekansige insameling en finale keuse van proefmateriaal.

Tabel 10 bevat 'n opsomming van data verkry uit wateropnamebepalings van verskillende entkombinasies vier weke na enting. Dit toon dat alle kombinasies wel water opgeneem het, maar translokasie deur die entlas het slegs by kombinasies waarvan die entjie gebot het, voorgekom. Met die uitsondering van Chenin blanc (S) / Grezot-1 het geen ander kombinasie met Chenin blanc (S) as bostokcultivar gebot nie. Alhoewel die kombinasies Chenin blanc (H) / 101-14 Mgt (H) en Bukettraube / 101-14 Mgt (H) gebot het, het geen translokasie deur die entlas voorgekom nie.

Die translokasie van water deur die entlas van Chenin blanc (S) / 99 Richter (S) in die afwesigheid van 'n bottel, is 'n bewys dat die vaatbondels voldoende vergroei is. Hierdie bevinding stem ooreen met gevolgtrekkings uit die behandeling twee weke na enting dat 'n bottel nie noodwendig teenwoordig moet wees om translokasie deur die entlas te verseker nie.

Gedurende die ondersoek na die wateropname deur geënte stokke van verskillende kombinasies ses weke na enting is die kombinasie Chenin blanc (S) / 99 Richter (H) nie ingesluit nie omdat die stokke dood was. Geeneen van die ander kombinasies van Chenin blanc (S) behalwe met Grezot-1 het gebot nie, maar is desnieteenstaande by die behandeling ingesluit. Geen translokasie het by die kombinasies wat nie gebot het nie voorgekom nie alhoewel daar tog opname deur die onderstok, was. Verskeie ander kombinasies kon geen water deur die entlas translokeer nie, maar het wel aktief groeiende botsels gehad. Duidelike betekenisvolle verskille kom tussen die entkombinasies voor (kyk Tabel 11).

Analises het getoon dat indien die lootlengte konstant (20 cm) gehou word met toenemende behandelingstyd (4, 15 en 24 uur), die translokasie-afstand nie noodwendig toeneem nie, maar die tendens bestaan dat opnamevolume toeneem.

Aangesien daar geen aktiewe sapvloei in die ongeënte lote voorgekom het nie, was die opname van water en die translokasie-afstand daarvan selde meer as die helfte van die totale lengte van die loot. Dit blyk dus dat verdamping deur die apikale snyvlak geen rol onder hierdie stel kondisies gespeel het nie. Aangesien wateropname deur die ritidoom so 'n geringe bydrae tot die totale wateropname van die loot maak, is dit te betwyfel of 'n laer temperatuur en hoër humiditeit 'n noemenswaardige rol sou speel.

Hierdie resultate is as basis gebruik vir die lengtebepaling van die onderstokke tydens die behandeling van die verskillende entkombinasies. Daar is besluit om vir die doel van hierdie studie op 15 cm te standaardiseer.

In die ondersoek na die wateropname van geënte stokke

is gevind dat die teenwoordigheid van die botsel nie noodwendig translokasie van water deur die entlas versker nie. Dit is ook geen indikasie van die graad van entlasvergroeing tussen die bo- en onderstok nie. Hierdie ondersoek het voorts die bevindinge van ander navorsers (Orffer, 1956; Hartmann & Kester, 1974) dat groot variasie in tyd, tussen entkombinasies asook binne dieselfde entkombinasie, ten opsigte van entlasvergroeing voorkom, bevestig.

Alhoewel die hittebehandelde Chenin blanc soms beter resultate gelewer het, was daar nie so 'n groot verskil tussen die twee groepe materiaal nie. Probleme is ondervind met Chenin blanc (S) wat nie wou bot nie en sodanig die resultate beïnvloed het, maar het tog interessante gevolgtrekkings opgelewer.

Uit die statistiese verwerkings van die resultate het dit duidelik na vore gekom dat die aantal herhalings wat gebruik is nie die variasie in die ewekansig ingesamelde materiaal kan akkommodeer nie. Groot variasie was dikwels die oorsaak van swak statistiese verwerkings en minder akkurate afleidings.

5.2 FOSFOROPNAME

Fosfor kom hoofsaaklik as orthofosfaat in plante voor terwyl klein hoeveelhede pirofosfaat ook gevind word (Mengel & Kirby, 1979). Die primêre funksie van fosfaat in die metabolisme van die plant is volgens hierdie navorsers die vorming van pirofosfaatbande in selwande vir die oordraging van energie.

Plantwortels besit die vermoë om fosfaat uit lae konsentrasie-oplossings op te neem terwyl geen bewyse gevind kon word wat daarop dui dat fosfaat ook deur rustende

voortplantingsmateriaal opgeneem en getranslokeer kan word nie.

Tabelle 2 (a) en (b) bevat opsommende resultate van die opname van fosfor deur rustende Jacquez-entlote. Die hittebehandelde materiaal het deurgaans 'n groter opname van fosfor getoon, alhoewel dit nie noodwendig betekenisvol was nie. Beide die standaard en hittebehandelde materiaal het die tendens getoon dat opnamevolume toeneem oor tyd. Die 24 uur behandeling het voortdurend 'n groter opnamevolume getoon. Alhoewel nie betekenisvol nie het die 4 uur behandeling van die hittebehandelde materiaal die grootste translokasië-afstand getoon. Gedurende hierdie behandeling is getranslokeerde fosfor oor die volle lengte van die loot gevind wat nie deur enige van die ander behandelings herhaal kon word nie. Uit hierdie data blyk dit dat die maksimum translokasië-afstand onder hierdie stel toestande vir hittebehandelde materiaal ongeveer 18 cm is terwyl dit vir standaard materiaal ongeveer 16 cm vanaf die toedieningspunt is.

Die opname van fosfor deur die snyvlak van Jacquez-entlote word in Tabelle 5 (a) en (b) opgesom. Dieselfde tendens as in Proef 1 bestaan deurdat die opnamevolume toeneem met toenemende behandelingstyd terwyl die translokasië-afstand baie min varieer. Soos in geval van proef 1 (Tabel 2) word gevind dat die maksimum translokasië-afstand van hittebehandelde materiaal ongeveer 18 cm is terwyl die van standaard materiaal slegs 15 cm vanaf die toedieningspunt is. Selfs in hierdie ondersoek is gevind dat hittebehandelde en standaard materiaal nie betekenisvol van mekaar verskil nie.

Ritidoom deurlaatbaarheid vir fosfor en die opname deur die floëem maak 'n relatief groot bydrae tot die fosfor-

opname in Jacquez-entlote. Volgens die data in Tabela 7 (a) en (b), waarin die hittebehandelde en standaard materiaal nie betekenisvol verskil nie, neem die opname-volume in beide gevalle toe met 'n toename in behandelingstyd terwyl die translokasie-afstand onderskeidelik 8 cm en 6 cm bokant die toedieningspunt is. Dit is dus duidelik dat 45 % van die totale fosforopname van rustende lote onder hierdie toestande deur die ritidoom die loot kan binnedring. Soortgelyke bevindings kon nie in die literatuur opgespoor word nie.

Dit blyk dat alhoewel fosforopname deur die snyvlak van die lote die grootste bydrae tot die totale opname lewer, die ritidoom tot 45 % van die totale opname kan deurlaat om sodoende deur die floëem opgeneem en getranslokeer te word.

Opmerklik uit die data is die groot translokasieafstande van die onderskeie behandelings. Selfs die opname deur die ritidoom en floëem het 'n translokasie-afstand van tussen 6 en 8 cm getoon. Dit dui daarop dat fosfor redelik maklik langs hierdie weg opgeneem kan word.

Die ondersoek na die opname van fosfor deur verskillende entkombinasies het direk na enting in aanvang geneem, maar geen opname het voorgekom nie (kyk Tabel 13). In hierdie stadium was daar nog geen oorbruggingsweefsel in die entlas teenwoordig nie en die ogie van die entjie was nog steeds slapend. Anders as in die geval van H_2O kon geen fosfor direk onder die entlas opgespoor word nie.

Twee weke na enting is die tweede behandeling toegepas.

Slegs die kombinasies met Chenin blanc (H) het botsels gehad, terwyl die oë van al die ander entjies rustend was. Volgens die data in Tabel 14 was daar by alle kombinasies behalwe Chenin blanc (S) / 99 Richter (S) 'n deurbeweging deur die entlas. Soos bevind in proewe 1, 2 en 3 beweeg fosfor relatief maklik in rustende wingerd lote en het dit selfs deur entlaste, waar ogies nog rustend was, beweeg. Alhoewel groot verskille in die opname van die verskillende kombinasies voorgekom het, kon geen betekenisvolle verskil uitgewys word nie.

Tabel 15 bevat 'n opsomming van data van fosfortranslokasie deur die entlas van stokke vier weke na enting. Al die kombinasies van Bukettraube, Chenin blanc (H) sowel as Chenin blanc (S) geënt op Grezot-1 het aktief gebot en fosfor het in hierdie gevalle deur die entlas beweeg. Alhoewel die ander kombinasies van Chenin blanc (S) nie aktief gebot het nie, het fosfor in hierdie gevalle ook vryelik deur die jong entlas na die bostok beweeg. Duidelike betekenisvolle verskille het na vore gekom.

Die entkombinasie Chenin blanc (S) geënt op 99 Richter (H) is nie ingesluit in die behandeling wat ses weke na enting toegepas is nie, aangesien alle stokke van hierdie kombinasie reeds dood was. Tydens hierdie behandeling is geen deurbeweging van fosfor deur die entlas van Chenin blanc (S) / 99 Richter (S) gevind nie. Translokasie deur die entlas het by alle ander kombinasies met betekenisvolle verskille voorgekom.

Die voorafgaande Tabelle het data bevat van fosforbeweging wat met behulp van ^{32}P in entlote en geënte stokke bepaal is. Aan die hand van die voorafgaande watertranslokasiedata in entlote en geënte stokke, kan bereken word hoeveel P op spesifieke afstande teenwoordig sou wees

indien dit met die "waterstroom" getranslokeer is. Met behulp van die formule,

$$\text{Berekende P} = \frac{\text{water opgeneem}}{\text{volume van oplossing}} \times \text{P in oplossing}$$

kan die massa P op enige punt waar die water bepaal is, bereken word.

Tabelle 23, 24 en 25 weergee die hoeveelheid P wat op verskeie afstande vanaf die toedieningspunt bepaal en bereken is. Die massa P wat kwantitatief bepaal is, oorskry deurgaans die berekende waarde. Met die uitsondering van die 15 uur behandeling van die standaard materiaal kon die berekende waardes se translokasie-afstand nie dié van die bepaalde waardes oorskry nie. Dit is hieruit baie duidelik dat fosfor en water onafhanklik van mekaar in die plant beweeg. Hierdie bevinding bevestig die feit dat P-beweging gekoppel is aan energie-oordragings reaksies terwyl dit geen rol by die translokasie van H₂O speel nie.

Tabel 26 bied 'n vergelyking van die bepaalde fosfor teenoor die berekende fosfor op verskeie stadiums van entlasontwikkeling by verskillende entkombinasies. Aangesien geen fosforopname direk na enting voorgekom het nie, word geen berekende waardes vir die eerste behandeling aangebied nie. Met die uitsondering van enkele behandelings soos Chenin blanc (S) / 99 R (S) 2 weke na enting, Chenin blanc (H) / 99 R (S) 2 weke na enting, Chenin blanc (S) / 101-14 Mgt (H) 4 weke na enting, Chenin blanc (H) / 101-14 Mgt (H) 4 weke na enting kon die berekende waardes nie die bepaalde waardes oorskry nie, hetsy bokant of onderkant die entlas. Hierdie bevindings bevestig dié in voorafgaande proewe dat water en fosfor onafhanklik van mekaar beweeg het. In teenstelling met water wat d.m.v. diffusie, kapillêre- en suigkragte in die lote

TABEL 23 (a) : 'N VERGELYKING VAN DIE OPGENEEMDE EN BEREKENDE FOSFOR IN JACQUEZ-ENTLOTE SOOS IN PROEF 1 GEBRUIK IS

Hittebehandelde materiaal

Lootlengte cm	4 uur behandeling		15 uur behandeling		24 uur behandeling	
	Bepaal $\mu\text{g/g}$	Bereken $\mu\text{g/g}$	Bepaal $\mu\text{g/g}$	Bereken $\mu\text{g/g}$	Bepaal $\mu\text{g/g}$	Bereken $\mu\text{g/g}$
1	3,313	4,073	11,472	2,118	9,749	6,213
2	2,707	2,722	7,849	1,6135	8,739	4,055
3	2,349	1,693	6,046	1,132	7,756	1,606
4	2,168	1,093	4,151	1,004	6,167	0,833
5	1,605	0,673	2,702	0,676	5,303	0,561
6	1,274	0,425	1,930	0,682	4,004	0,433
7	1,168	0,189	1,299	0,236	3,196	0,262
8	0,937	0,094	1,092	0,143	2,121	0,134
9	0,667	0,043	0,723	0,077	1,411	0,000
10	0,520	0,038	0,711	0,048	0,623	0,000
11	0,384	0,049	0,338	0,030	0,428	0,000
12	0,134	0,000	0,289	0,017	0,185	0,000
13	0,219	0,000	0,222	0,017	0,109	0,000
14	0,340	0,000	0,108	0,000	0,074	0,000
15	0,260	0,000	0,053	0,000	0,043	0,000
16	0,238	0,000	0,023	0,000	0,252	0,000
17	0,159	0,000	0,003	0,000	0,010	0,000
18	0,218	0,000	0,000	0,000	0,000	0,000
19	0,176	0,000	0,000	0,000	0,000	0,000
20	0,026	0,000	0,000	0,000	0,000	0,000

TABEL 26 (a) : 'N VERGELYKING VAN DIE BEREKENDE EN BEPAALDE FOSFOR BOKANT DIE ENTLAS OP VERSKEIE STADIUMS NA ENTING

Entkombinasie	2 weke na enting		4 weke na enting		6 weke na enting		
	Bepaal	Bereken	Bepaal	Bereken	Bepaal	Bereken	
	$\mu\text{g/g}$	$\mu\text{g/g}$	$\mu\text{g/g}$	$\mu\text{g/g}$	$\mu\text{g/g}$	$\mu\text{g/g}$	
Chenin blanc (S)	x 99 Richter (S)	0,000	✕	0,480	0,016	0,000	✕
	x 99 Richter (H)	1,160	✕	6,835	✕	0,000	✕
	x 101-14 Mgt (S)	0,210	✕	0,755	✕	0,135	✕
	x 101-14 Mgt (H)	0,410	✕	3,085	✕	0,240	✕
	x Grezot-1	1,090	✕	4,825	0,079	0,310	✕
Chenin blanc (H)	x 99 Richter (S)	0,665	0,299	2,280	0,010	0,665	0,035
	x 99 Richter (H)	3,345	0,383	1,635	0,025	0,120	✕
	x 101-14 Mgt (S)	3,410	✕	11,455	0,211	3,130	0,279
	x 101-14 Mgt (H)	6,410	✕	1,131	✕	0,680	✕
	x Grezot-1	0,915	0,408	4,915	0,018	5,535	0,033
Bukettraube	x 99 Richter (S)	0,760	✕	2,535	0,057	0,725	✕
	x 99 Richter (H)	0,355	✕	0,275	0,012	0,080	0,025
	x 101-14 Mgt (S)	0,950	✕	5,080	0,041	2,245	0,050
	x 101-14 Mgt (H)	0,260	✕	1,495	✕	1,460	✕
	x Grezot-1	3,235	✕	26,115	0,623	7,145	0,482

✕ - Geen wateropname het voorgekom nie

TABEL 26 (b) : 'N VERGELYKING VAN DIE BEREKENDE EN BEPAALDE FOSFOR ONDERKANT DIE ENTLAS OP VERSKEIE STADIUMS NA ENTING

Entkombinasie	2 weke na enting		4 weke na enting		6 weke na enting		
	Bepaal	Bereken	Bepaal	Bereken	Bepaal	Bereken	
	$\mu\text{g/g}$	$\mu\text{g/g}$	$\mu\text{g/g}$	$\mu\text{g/g}$	$\mu\text{g/g}$	$\mu\text{g/g}$	
Chenin blanc (S)	x 99 Richter (S)	1,475	2,652	3,920	0,849	0,915	0,193
	x 99 Richter (H)	4,885	0,226	14,535	0,163	0,000	*
	x 101-14 Mgt (S)	0,320	*	10,030	0,350	3,490	0,033
	x 101-14 Mgt (H)	2,265	0,602	7,345	8,520	8,440	0,050
	x Grezot-1	5,560	0,740	15,730	0,115	3,715	0,027
Chenin blanc (H)	x 99 Richter (S)	4,155	3,458	2,050	0,474	2,725	0,360
	x 99 Richter (H)	9,495	5,118	3,305	0,432	0,360	0,010
	x 101-14 Mgt (S)	4,035	0,222	12,565	0,611	4,130	0,928
	x 101-14 Mgt (H)	2,025	2,839	2,400	4,105	1,180	0,023
	x Grezot-1	4,230	2,541	6,005	0,195	4,335	0,059
Bukettraube	x 99 Richter (S)	1,460	0,558	2,645	0,257	3,760	0,434
	x 99 Richter (H)	2,765	1,187	4,555	0,186	1,115	0,050
	x 101-14 Mgt (S)	0,960	*	11,405	0,260	1,780	0,189
	x 101-14 Mgt (H)	11,990	0,366	2,600	0,214	3,915	0,037
	x Grezot-1	4,380	0,329	38,940	0,221	4,145	0,687

* Geen wateropname het voorgekom nie

opbeweeg het, was energie betrokke by die beweging van fosfor wat meebring dat groter translokasie-afstande bereik is. Om dieselfde rede is groter deurbeweging van fosfor op 'n vroeë stadium van entlasvergroeiing verkry as wat met die waterstroom kon deurbeweeg.

5.3 KOOLSUURGASOPNAME

Koolsuurgasopname is essensieel vir alle plante aangesien dit die hoofkomponent van fotosintese is en ook energie vir alle ander prosesse verskaf. Koolhidrate wat as eindproduk van fotosintese gevorm word, word dan vanuit die blare na die ander dele van die plant getranslokeer.

Koblet (1977) het gevind dat blare ten minste 30 % van hul normale grootte moet wees voordat dit enige koolhidrate begin translokeer. Hale en Weaver (1962) rapporteer dat jong blare kleiner as die helfte van hulle normale grootte slegs invoerders van koolhidrate is. Geen bevindings oor die fotosintese van bottende oë van ongewortelde lote kon in die literatuur gevind word nie.

In hierdie ondersoek is uitsluitlik gekonsentreer op die reaksie van bottende oë van Jacquez-entlote sowel as jong geënte stokke t.o.v. fotosintese. Soos uit Fig. 8 asook Tabel 3 blyk, fotosinteer bottende oë alreeds voordat enige vry blare teenwoordig is (stadium 1). In hierdie stadium was die groen blare reeds sigbaar en die oog in wol- of mantelstadium maar geen blare was nog ontvou nie. Die resultate toon duidelik dat CO_2 opgeneem en tot 'n mate getranslokeer is. Die botsel het dus reeds op hierdie stadium gefotosinteer en ook 'n gedeelte van die assimilate getranslokeer alhoewel die grootste gedeelte van die gevormde assimilate vir eie groei behou is. In hierdie stadium was daar 'n opsigtelike verskil in die translokasie-afstand tussen die hittebehandelde

en standaard materiaal, maar nie so duidelik waarneembaar by stadiums 2 en 3 nie. Tydens fotosintese in laasgenoemde twee stadiums was die translokasie-afstand minder as die helfte van dié van stadium 1. Verder is dit duidelik uit Tabel 3 dat die hoogste konsentrasie naby die botsel voorgekom het terwyl die konsentrasie baie sterk daal van 2 cm onder die botselaanhegting. In hierdie stadiums het die jong blaartjies die meeste koolhidrate vir eie groei gebruik en geen assimilate translokeer nie. Hierdie resultate stem ooreen met dié van ander navorsers dat jong blare hoofsaaklik fotosinteer vir eie groei en nie veel bydra tot die behoefte van die plant nie.

Hierdie ondersoek het verder bewys dat hierdie jong botsels genoegsaam fotosinteer en koolhidrate translokeer om aan te dui op watter stadium van entlasvergroeiing daar wel 'n deurbeweging van assimilate deur die entlas is. Die minimum translokasie-afstand van 6 cm wat verkry is, is binne die bereik van die entlas van die geente stokke soos voorberei vir proef 4.

Die behandeling van slegs geënte stokke wat gebot het met ^{14}C het 14 dae na enting (kyk Proef 4), nadat die stokke gebot het, in aanvang geneem. Tabel 18 toon duidelik dat alle kombinasies wat by die eerste behandeling ingesluit is wel CO_2 kon vaslê en ook deur die entlas translokeer. Reeds op hierdie vroeë stadium van entlasvergroeiing word bewyse gevind dat daar genoegsame verbinding in die entlas is sodat assimilate van die jong botsel na die res van die stokke getranslokeer kan word.

Soortgelyke resultate word ook in Tabelle 19, 20 en 21 gevind. Alle behandelde stokke het deurgaans CO_2

opgeneem en ook deur die entlas getranslokeer.

Die relatiewe deurlaatbaarheid van entlaste vir CO₂ deurbeweging word in Tabel 27 uiteengesit. Hierdie verhouding is bereken vanuit die data in Tabelle 18, 19, 20 en 21 deur van die volgende formule gebruik te maak nl.

$$\text{Relatiewe deurlaatbaarheid} = \frac{\text{Konsentrasie CO}_2 \text{ onder die entlas}}{\text{Konsentrasie CO}_2 \text{ bokant die entlas}}$$

Indien die antwoord groter is as 1 dui dit daarop dat die entlas geen struikelblok was in die translokasie van CO₂ nie, terwyl 'n verhouding kleiner as 1 aandui dat die entlas wel 'n blokkasie veroorsaak het. Nassery (1973) het in sy studie met appelbome gevind dat die entlas wel 'n mate van steurnis vir translokasie van voedingstowwe is, al het dit opsigtelik goed vergroei. Met die uitsondering van enkele gevalle dui die verhoudingsyfers in Tabel 27 aan dat die entlas wel 'n mate van steurnis is in die translokasie van CO₂. Alhoewel die data baie varieër wil dit tog voorkom asof die steurnis by die entkombinasies Bukettraube / 101-14 Mgt (H) en Bukettraube / Grezot-1 toeneem namate die stokke ouer word. Hierdie neiging word uitgebeeld in Tabel 27 wat aandui dat die verhoudingsyfer afneem van 2 weke na enting tot 8 weke na enting. Hierdie afleiding word verder gestaaf deurdat beide die bo- en onderstok in beide gevalle bekend is dat dit affiniteitsprobleme gee. In die geval van 101-14 Mgt (H) as onderstok is die reaksie vreemd aangesien dit hittebehandelde materiaal is wat vry toets van skadelike virusse.

Die translokasie van assimilate vanaf jong botsels na die res van 'n ongeënte loot of jong geënte stok het

TABEL 27 : RELATIEWE DEURLAATBAARHEID VAN ENTLASTE T.O.V. CO₂

Entkombinasies		Deurlaatbaarheid			
		2 weke na enting	4 weke na enting	6 weke na enting	8 weke na enting
Chenin blanc (S)	x 99 Richter (S)	⌘	⌘	⌘	⌘
	x 99 Richter (H)	⌘	⌘	⌘	⌘
	x 101-14 Mgt (S)	⌘	⌘	⌘	⌘
	x 101-14 Mgt (H)	⌘	⌘	⌘	⌘
	x Grezot-1	⌘	1,2878	0,3187	0,7001
Chenin blanc (H)	x 99 Richter (S)	1,5352	0,8802	1,7346	1,2208
	x 99 Richter (H)	⌘	0,8754	0,5410	⌘
	x 101-14 Mgt (S)	⌘	0,8978	0,7876	0,7275
	x 101-14 Mgt (H)	0,5832	1,5566	0,4825	0,4780
	x Grezot-1	0,6895	1,2247	1,3282	0,4736
Bukettraube	x 99 Richter (S)	⌘	0,6201	0,4548	1,0409
	x 99 Richter (H)	⌘	⌘	⌘	⌘
	x 101-14 Mgt (S)	⌘	0,5990	⌘	0,6219
	x 101-14 Mgt (H)	⌘	0,7779	0,6861	0,2870
	x Grezot-1	0,9930	0,7022	0,4368	0,4883
D (P = 0,05)		nb	nb	1,2944	nb

⌘ geen behandeling toegepas omdat stokke nie gebot het nie

TABEL 28 : BETEKENISPEILE VAN RELATIEWE DEURLAATBAARHEID VAN ENTLASTE T.O.V. CO₂

Behandeling	Tabelwaardes	Proefwaarde	Betekenispeil
Tyd 1	3,86	2,59	NB
Tyd 2	2,25	1,31	NB
Tyd 3	2,36	2,93	✕
Tyd 4	2,86	1,81	NB

NB - nie betekenisvol

✕ - betekenisvol

bewys dat die bostel selfs met geen vry blare tog fotosinteer en alhoewel dit die meeste assimilate vir eie groei hou, wel translokeer. Verder is gevind dat binne 2 weke na enting daar genoegsame verbinding in die entlas is sodat assimilate kan deurbeweeg na die onderstok. Twee kombinasies wat tradisioneel affiniteitsprobleme gee het oor tyd 'n afnemende tendens ten opsigte van entlas deurlaatbaarheid vir CO₂ getoon.

5.4 ANATOMIESE ONDERSOEK NA DIE ONTWIKKELING VAN DIE ENTLAS

Die doel van hierdie ondersoek was om vas te stel tot watter mate die entlas vergroei is op die stadiums toe behandeling toegepas is.

Dit is gevind dat reeds 14 dae na enting duidelike differensiasie van die kallusweefsel voorgekom het. Op hierdie stadium van entlasvergroeiing is vaatbondeloorbrugging gevind wat die translokasie van voedingsstowwe deur die entlas reeds moontlik maak (kyk Plaat 10). Hierdie bevinding word ook deur verskeie ander navorsers bevestig. Die snit soos op Plaat 9 uitgebeeld, toon duidelik die opening tussen die komponente van die enting wat opgevol word met kallusweefsel vanuit die onderstok. Geen kallusweefsel vanaf die bostok is hier sigbaar nie.

Plaat 10 toon die nuutgevormde xileem en floëem tussen die bestaande xileem en floëem aan. Volwaardige xileem en floëem word tydens kallusvorming vanuit die nuwe kambium (ka) gevorm. Nuwe weefsel differensieër ook vanuit kallusweefsel wat in die kambiumsone gevorm is (kyk Plaat 11). Kallusvorming en differensiasie is dus 'n aaneenlopende proses. Die vaatbondels is ordelik gerangskik en nie deur die kallusvorming versteur nie. Skeiding tussen die sekondêre xileem en floëem tydens

die vorming van die nuwe weefsel is die enigste versteuring wat waargeneem kan word.

In Plaat 11 word die differensiasie van die nuwe kambium vanuit die bestaande kambium aangedui. Dit bevestig bevindinge van Morel, 1948; Orffer, 1956; Fallot, 1970 en Branas, 1974 vanuit werk met kallusweefsel en groenentings. Die differensiasie kan duidelik gevolg word soos dit met 'n boogvorm ontwikkel om later by die kambium van die ander komponent aan te sluit. Volgens Plaat 11 is dit verder duidelik dat kambiumdifferensiasie floëem- en xileem-differensiasie voorafgaan. Nêrens is gevind dat óf floëem- of xileemelemente differensieer in die afwesigheid van die kambium nie.

Hierdie ondersoek het aangetoon dat nuutgedifferensieerde floëem en xileem reeds 14 dae na enting die translokasie pad tussen bostok en onderstok verbind. Alhoewel die entlas nog nie volkome vergroei is nie, is daar wel 'n deurbeweging soos in Proef 4 gevind is. Voorts is gevind dat by sekere stokke die entlas na 2 weke reeds sover ontwikkel is as ander stokke van dieselfde kombinasie na 8 weke. Hierdie bevinding word gestaaf deur die resultate wat in Proef 4 behaal is. Die ondersoek het voorts aangedui dat in die geval van eenjarige entlote kallusvorming hoofsaaklik vanuit die kambium gevorm is. Geen ander weefseltipe het dus meristematische aktiwiteite aangeneem nie. Orffer (1956) het gevind dat vaatstrale ook kan bydra tot aktiewe kallusvorming.

5.5 ALGEMENE GEVOLGTREKKING

Hierdie ondersoek het aangetoon dat affiniteitsprobleme nie op hierdie vroeë stadiums van entlasvergroeiing met behulp van radio-aktiewe isotope opgespoor kan word by kombinasies wat normaalweg suksesvol geënt kan word nie.

Selfs anatomiese abnormaliteite kon nie gevind word nie.
Kombinasies wat ondersoek moet word, sal vir tenminste
een groeiseisoen moet groei voordat dit ingesamel word.

6 OPSOMMING

Jacquez-entlote van hittebehandelde en standaard materiaal is gebruik in 'n studie na die opname en translokasie van water, organiese stowwe en assimilate. Opnamevolume en translokasie-afstand van onderskeidelik water en fosfor het toegeneem met 'n toename in behandelingsperiode. Ritidoom deurlaatbaarheid vir water en fosfor lewer 'n relatief klein bydrae tot die totale hoeveelheid opgeneem. Die grootste bydrae word deur die basale snyvlak van lote gelewer. Geen betekenisvolle verskil ten opsigte van opnamevolume en translokasie-afstand het tussen die twee tipes materiaal voorgekom nie.

Aangesien geen oë of botsels aanwesig was nie, was daar geen aktiewe sapvloei nie en kon water slegs deur middel van diffusie, imbibisie, kapillêre- en suigkragte a.g.v. verdamping die bepaalde afstande bereik. Die translokasie-afstand van fosfor was, met die uitsondering van enkele behandelings, deurgaans groter as dié van water terwyl die berekende hoeveelheid fosfor selde die bepaalde hoeveelheid oorskry het wat daarop dui dat energie by die translokasie van fosfor betrokke is en dit dus onafhanklik van water beweeg.

Bottende Jacquez-oë fotosinteer reeds voordat enige blare ontvou is en translokeer meer assimilate na die res van die loot as wat die geval is met botsels wat reeds vier blare ontvou het. Desnieteenstaande word die oorgrote meerderheid assimilate deur die botsel vir eie groei gebruik.

Makro-utoradiograwe is van behandelde lote van die verskillende behandelings in proewe 1, 2 en 3 ter ondersteuning van die analitiese data gemaak. Geen anatomiese sneë vir die maak van mikro-utoradiograwe kon

sukcesvol verkry word nie.

Anatomiese ondersoek na die vergroeiing van die entlas het die bevindings van radiometriese analise gestaaf. Dit het voorts aangetoon dat kallusvorming by eenjarige lote hoofsaaklik vanuit die kambiale sone ontstaan, terwyl die nuutgevormde kambium slegs vanuit die oorspronklike kambium differensieer om sodoende xileem- en floëmdifferensiasie vooraf te gaan.

Morfologiese en fisiologiese verskille tussen materiaal van verskillende moederstokke bring geweldige variasie ten opsigte van die vergroeiing van die entlas mee, sodat translokasie van voedingstowwe deur die entlas in sommige gevalle reeds 2 weke na enting voorkom terwyl dit andersins eers na 8 weke (by dieselfde entkombinasie) mag deurbeweeg.

Hierdie ondersoek het aangetoon dat met die metodes benut, affiniteitsprobleme by hierdie kombinasies nie op so 'n vroeë stadium na enting opgespoor kan word nie.

7 LITERATUURVERWYSINGS

- AITKEN, W.M., WRIGHT, E. & GRAY, H.S., 1968. Autoradiography of waterdiffusible-substances in sections of whole baby rats. Stain Techn. 43, (1), 1 - 7.
- AMOS, J., HOBLYN, T.N., GARNER, R.J. & WITT, A., 1936. Studies in incompatibility of stock and scion. I. Information accumulated during twenty years of testing fruit tree rootstocks with various scion varieties at East Malling. Ann. Rpt. East Malling Res. Sta. for 1935. 81 - 99.
- APPLETON, T.C., 1964. Autoradiography of Soluble Labelled Compounds. F. Roy. Micr. Soc. 83, 277.
- BALAKH, A.A. & GRODZINSKII, D.M., 1978. Physiological-biochemical bases of radiation technology for pre-grafting treatment of grapevine rootstocks. Hort. Abstr. 48 : 9742.
- BOUBALS, D. & HUGLIN, P., 1950. Etude de l'incompatibilité au greffage de certains cépages et du 57R. Progr. Agric. Vitic. 1950, 134 : 183 - 189.
- BOUQUET, A., 1980. Differences observed in the graft compatibility between some cultivars of Muscadine grape (Vitis rotundifolia Michx.) and European grape (Vitis vinifera L cv. Cabernet Sauvignon). Vitis 19, 99 - 104.
- BRADFORD, F.C. & SITTON, B.G., 1929. Defective graft unions in the apple and pear. Mich. Agr. Exp. Sta. Tech. Bul. 99.
- BRANAS, J., 1974. Viticulture. Imprimene Déhan Typo Offset. Montpellier.
- BRANAS, J. & TRUEL, P., 1969. Etude comparée des cépages de cuve et selection des variétés nouvelles. Progr. Agric. Vitic. 169, 12 - 22.
- BRANTON, D. & JACOBSON, L., 1962. Dry high resolution autoradiography. Stain Techn., 37, 239 - 241.
- BRAUN, H.J., 1958. Die normalen Verwachsungsvorgänge nach Pfropfung von Laubbäumen. Zeitschr. f. Bot. 46, Stuttgart.

- BREEN, P.J., 1975. Effect of peach/plum graft incompatibility on seasonal carbohydrate changes. Hort. Abstr. 46 : 4322.
- BUCHLOH, G., 1962. Union formation and disturbances at the union as an expression of the degree of compatibility in grafts in pear varieties on Cydonia oblonga. Hort. Abstr. 33 : 2276.
- BUCK, G.J. & HEPPEL, B.J., 1970. A bud-graft incompatibility in Rosa. Jour. Amer. Soc. Hort. Sci., 95 (4), 442 - 446.
- CANNY M.J., 1955. High-resolution autoradiography of water soluble substances. Nature 175, 857 -858.
- CATION, D. & CARLSON, R.F., 1962. Determination of virus entities in an apple scion/rootstock test orchard. Quart. Bul. Mich. Agr. Exp. Sta., Rpt II 45, (17), 159 - 166.
- CHANG, Wen-Tsai, 1938. Studies in incompatibility between stock and scion with special reference to certain deciduous fruit trees. Jour. Pom. and Hort. Sci. 15, 267 - 325.
- CRANE, M.B., 1945. Origin of viruses. Nature 155, 115 - 116.
- DARLINGTON, C.D., 1944. Heredity, development and infection. Nature 154, 164 - 169.
- DONIACH, I. & LOGOTHETOPOULOS, M., 1956. Radioautography of Inorganic Iodide in Thyroid. F. Endocrinol. 13, 65.
- DOTTI, F., 1954. La causa della mancanza di affinità fra Barbera e 57 Richter. Atti. Accad. ital Vite 6, 95 - 109.
- DURQUETY, P-M, GAZEAU, J.P., RUCHAUD, C. & FALLOT, J., 1979. Le clone et ses reactions au greffage. III La transmission de l'incompatibilité au greffage entre 5BB et Vitis vinifera. Progr. Agric. Vitic. 10, 211 - 216.
- EAMES, A.J. & COX, L.G., 1945. A remarkable tree-fall and an unusual type of graft failure. Amer. J. Bot. 32, 331 - 335.
- EREMEEVA, N.E., 1967. Serological reaction as an index of scion and rootstock compatibility in vine grafts. Hort. Abstr. 37, 6507.

- EREMEEVA, N.E. & VOZNESENSKIJ, A.M., 1971. On the compatibility of stock and scion. Hort. Abstr. 41, 8615.
- EVANS, W.D. & HILTON, R.J., 1957. Methods of evaluating stock/scion compatibility in apple trees. Canad. J. Plant. Sci. 37, 327 - 336.
- EYNARD, I. & BUKOVAC, M.J., 1961. Studies on graft affinity in vines with the aid of radioactive isotopes. Atti. Accad. ital Vite. 13, 510 - 518.
- FALLOT, J., 1970. Callogenèse Soudure : Culture des tissus. Bull. off. int. Vin. 43, 908 - 918.
- FITZGERALD, P.J., ORD, M.G. & STOCKEN, L.A., 1961. A "dry" mounting autoradiographic technique for the localization of water soluble compounds. Nature 189, 55 - 56.
- FUJII, T. & NITO, N., 1972. Studies on the compatibility of grafting of fruit trees. I. Callus fusion between rootstock and scion. Jour. Jap. Soc. Hort. Sci. 41 (1), 1 - 10.
- GALLE, E.E.C., 1964. The histological development of the bud-union in the pecan. S. Afr. J. Agric. Sci. 7, 355 - 357.
- GAHAN, P.B. & RAJAN, A.K., 1964. The autoradiographic detection of ions in Plant Tissues. J. Exp. Bot. 17 (50), 34 - 43.
- GOUSSARD, P.G., 1975. Die kallusvormingsvermoë van verskillende wingerdonderstokcultivars (Vitis) en die invloed van kallusstimulante. M.Sc. thesis. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- GUR, A. & SAMISH, R.M., 1965. The relation between growth curves, carbohydrate distribution and compatibility of pear trees grafted on quince rootstocks. Hort. Res. 5, 81 - 100.
- GUR, A. & LIFSHITZ, E., 1968. The role of the cyanogenic glycoside of the quince in the incompatibility between pear cultivars and quince rootstocks. Hort. Res. 8, 113 - 134.
- HAASBROEK, F.J., 1964. Onderzoek en ontwikkeling van metodes vir radiometriese analises en chemiese dosismetring in landbounavorsing. Ph.D.-thesis. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

- HARTMANN, H.T. & KESTER, D.E., 1975. Plant Propagation. Principles and Practices. Prentice Hall.
- HERRERO, J., 1955. Incompatibilidad entre patrón e injerto. II. Efecto de un intermediano en la incompatibilidad entre melocotonero y mirobalán. An. Aula. Dei 4, 167 - 172.
